

ST. STEFANUS VAN HONGARYE

16 AUGUSTUS

(975-1038)

Hierdie besondere koning het sy volk uit heidense bygeloof en brutaliteit na Jesus Christus en die vestiging van 'n Christelike beskawing gelei. Ongewoon vir sy tyd is sy koningskap nie deur oorlog en wreedheid gekenmerk nie. Hy beywer hom vir die geestelike en materiële welsyn van al sy onderdane en onder sy bekwame regering word Hongarye 'n welvarende Christenland .

